


Wees gegroet hier vanuit die Kaap.

Gedurende Maart en April het ons besoek gehad van Opal en Nan vanuit Chiang Mai Thailand.

Opal en Nan is albei BBC"s maw (Buddhist Background Christians), en hulle het oral in Kerke, selgroepe en op RSG getuig oor hoe moeilik dit vir 'n Thai Bhuddhis is om die Genade van die Here Jesus te verstaan.

Ons het met hulle kwaliteit tyd spandeer, en het meer te wete gekom van die Thai kultuur en hulle gebruike. Ons het ook tot die besef gekom oor hoe sterk houvas, nie net Bhuddisme, maar ook Animisme oor die Thai kultuur het.

Met hulle besoek is dit net weereens bevestig van die noodsaakliheid om gebedspanne na Thailand te neem.

Gedurende die uitreik in Februarie vanjaar het ons met klein gemeentes (4 - 30) lidmate kennis gemaak.
Hierdie gemeentes is arm en klein, (0.4% Christene uit 'n bevolking van 68Mil) en nie een van hulle het om geldelike hulp gevra nie, maar wel gevra dat ons meer gebedspanne moet stuur.

Baie keer as ons daar in Thailand met 'n gebedspan is, en jy sien en beleef die geestelik duisternis, kom die gedagte op "werk gebed regtig ?" Dan kom die gedeelte in Esegiel 36: 25—27 in jou hart op
"Ek sal kom en hulle reinig van hulle afgodery en sondes.
Ek sal die hart van klip vervang met 'n hart van vlees.
Ek sal my Gees in hulle plaas en,
Ek sal maak dat hulle volgens my voorskrifte leef, en my bepalings gehoorsaam".

Ons kan dan net die Here dank vir Sy woord in Jesaja 55: 11 "So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het".

'n Span van 10 bidders vertrek 19 Julie na Thailand om te gaan bid. Elke spanlid moet vir sy eie fondse sorg.

Wil jy nie assblief bidden by die Here gaan hoor oor hoe jy kan help met 'n finansieëele bydra nie.

**Vervolg op bladsy 2**

**O Here, my God,**
**soveel van my handewerk waai maar weg**
**met die kom en gaan van seisoene.**
**Die sin van al my geswoeg**
**bly maar meestal soek:**
**die onkruid is te weerbarstig**
**om ooit uitgeroei te word.**
**Ek stry met myself**
**om die stryd nie gewonne te gee nie,**
**om aan te hou in weer en wind**
**al lyk alle werk so tervergeefs**

**Dan gaan ek tog voort, Here God,**
**omdat U my leer dat alles, alles bydra tot U groot oes**
**die dag waarop U self u skure sal kom oopmaak**
**en alles wat ons is en was, sal kom saambind in u gerwe,**
**Al sal ek self nie sien hoe alles ryp tot blom en vrug**
**en hoe alles wat met trane gesaai is, juigend geoes word nie,**
**hoor ek vandag reeds vaagweg die klanke van die oeslied**
**moedgewend vir die dag van môre**
**Die lied sing in my ore, in my hart:**
**My dae is tog nie tevergeefs nie.**
**Dagin en daguit saai ek my lewe**
**op die akker van u goedheid**
**Want U self bring die oes in**
**Amen.**

**Systze de Vries**

**Ps 126:5 -6**

**Tot volgend keer:**

**Klasie en Ida van Heerden**

---

Kontakbesonderhede:
Klasie van Heerden
(+27) 82 800 4266
(+27) 21 979 3109
klasievh@telkomsa.net

Bankbesonderhede:
NGK Durbanville-Bergsig
ABSA
Tjekrekening: 141 059 0154
Verwysing: Thai Gebed